


SKOUER- LOSE KOELTE



BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g Emu Coolspun Confetti (50-g-bolle). Ongeveer 250 g Emu Perlé (50-g-bolle); breinaalde van 4,50 mm en 5 mm; hekelpen van 4 mm.

MATE: Om borsmaat van 87 tot 92 cm te pas.

SPANNING: 18 steke en 20 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 5-mm-

breinaalde.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; oorbl - oorblywende; m1 - maak een steek; tes - tesame; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; vermin - verminder; adl - agter deur lus; pat - patroon; 1/1 gedraaide rif - 1/1 gedraaide riffelsteek (= brei deurgaans een steek regs agter deur lus, een steek aweregs); VK - verkeerde kant; RK - regte kant.

Hekel: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; gs - glipsteek; goh - garing oor hekelpen.

PATROONSTEEK: 1e ry: *r1, m1, r2, grtgo, r2tes, r2, m1; herh van * tot einde van ry.

2e en alle ewe rye: Deurgaans aw.

3e ry: *m1, r2, grtgo, r2tes, r2, m1, r1; herh van * tot einde van ry.

5e ry: 1 Herh vanaf eerste ry.

Skouerkoordjie: Met Emu Perlé dubbel hekel 2ks, 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, *steek pen in linkerlus van vorige kb, goh en trek deur een lus, goh en trek deur twee lusse op hekelpen; herh van * tot koordjie lank genoeg is.

AGTERPANT: Stel met 4,50-mm-breinaalde en Emu Perlé 80 ste op en brei 4 cm 1/1 gedraaide rif.

Slaan oor na 5-mm-breinaalde en Emu Confetti, brei pat voort en wissel 4 rye Emu Confetti af met 4 rye Emu Perlé.

Brei voort tot 11 strepe met Emu Confetti voltooi is, slaan weer oor na Emu Perlé en brei nog 12 rye - 56 cm vanaf begin. Brei voort in pat slegs oor eerste 25 ste soos volg: brei oor 24 ste, r2tes, draai. Plaas oorbl ste op 'n reserwenaald. Brei nog 15 cm pat en heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot werk 56 cm lank is vanaf begin.

Vlg ry: Brei pat oor eerste 54 ste, r2tes, brei pat oor oorbl 24 ste en brei nog 15 cm pat oor die laaste 25 ste. Heg af.

AFWERKING: Werk een skouernaat toe met Emu Perlé. Met 4,50-mm-breinaalde en Emu Perlé brei 1/1 gedraaide rif oor 54 ste op halsrand van voorpant. Tel 24 ste uit syrand van halsrand tot skouernaat op, tel nog 24 ste uit syrand van halsrand van agterpant op en brei oor 54 ste van halsrand van agterpant. Om hoeke van halsrand te vorm, vermin in elke ry 1 st aan weerskante van hoek-st aan voor- en agterpant. Brei 2 cm 1/1 gedraaide rif oor al die ste en heg af.

Tel met 4,50-mm-breinaalde en Emu Perlé 60 ste uit armsgatrang op, brei 2 cm 1/1 gedraaide rif en vermin 1 st aan weerskante van elke ry. Heg af.

Werk synate toe. Hekel twee skouerkoordjies en werk in posisie vas.

Fenolftaleien: REG-U-LETTS. Elke tablet bevat 125 mg Fenolftaleien.

HOE STERK BEHOORT 'N LAKSEER- MIDDEL TE WEES?

So sterk as wat jou behoeftes vereis.
Dis waarom Reg-u-letts die ideale lakseermiddel is,
want met Reg-u-letts kan jy die dosis beheer om 'n
milde, gewone of sterk aksie te verkry.
Volg slegs die eenvoudige aanwysings binne die pak.
Vir milde, gewone of sterker aksie.



Reg-u-letts

tablette tablets

CHOCOLATE FLAVOURED LAXATIVE
SJOKOLADE-GEGEURDE LAKSEERMIDDEL

Restore "Regular" Habits

Reg-u-letts Regd TM/Cawo N.M.